

## 14 Desember Johannes 1:1-14; (Teks: Matt 2:1, 2)

### *Die enigste Lig wat duisternis verdryf*

Jaar na jaar het die Babiloniërs in hulle heidense onkunde die wintersonnestilstand gevier. Vir hulle was dit die hoogtepunt van hulle jaar, die verjaardag van die songod Mithras. Naastenby rondom 23 Desember elke jaar, wanneer die son eintlik die verste suid van die ewenaar af is en dit letterlik die korste dag in die strawwe Europese winter, het hulle songod verjaar. Vir die heidene was dit die oorwinning van hulle god van lig oor die lang en donker wintersdae en wintersnagte en daarom het hulle hierdie dag as die verjaardag van hulle songod Mithras gevier.

Maar jaar na jaar het die sware winter maar wéér gekom en net maar beklemtoon hoe tydelik die sogenaamde "oorwinning" van die songod oor die winterduisternis was. Dit was inderdaad geen volkome oorwinning nie. Jaar na jaar moes hulle maar weer dieselfde donkerte ervaar wat alle hoop op ewige lig versplinter het.

Selfs in die Weste het die Romeinse legioene hierdie indrukwekkende wintersonnestilstand gebruik as teken van ewige lig en oorwinning. In hulle heidense onkunde het hulle hierdie "wonderkrag" nie net aan 'n songod toegeskryf soos die Babiloniërs nie, maar ook aan hulle Keiser. As die Romeine teen die barbaarse hordes oorwin en Londen binnetrek, dan kry Keiser Constantinus Chlorus hierdie "eretitel": REDDITOR LUCIS AETERNAE - die gewer van ewige lig. Maar helaas, hy sterf ook maar - ook nie by hóm is ewige lig te vind nie. Ook hulle songod, Jupiter, kon nie ewige lig gee nie - al noem hulle hom: "Jupiter Sol invictus" (Jupiter, die onoorwinlike son).

Kom ons maak dit ons eerste prioriteit hierdie dae om die Lig van Christus in 'n donker wêreld al héérliker te laat skyn.

Ds. D. Laufs (Alberton-Wes)